GRAAN SA/GRAIN SA
Perspektief
PERSPECTIVE
NUUSBRIEF
NEWSLETTER

KLIK HIER VIR DIE AFRIKAANSE WEERGAWE | CLICK HERE FOR ENGLISH VERSION

**02/11/2012**
**WEEK 44 - 2012**

**In hierdie uitgawe...**


- Brandstofpryse vir November 2012
- Produsente moet vereistes van dieselkorting slaafs navolg
- Hoe vorder die koringtarief?
- LNR-IGG Grondboonproduksiekalender vrygestel
- Landboutoestande vir somergrane soos op 31 Oktober 2012
- Vraag en aanbod-projeksies vir die nuwe bemarkingsjaar 2013/2014
- Wêreld Sojaboon Navorsingskonferensie vind volgende jaar hier plaas


## Brandstofpryse vir November 2012

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Volgens die jongste inligting van die Sentrale Energiefonds kan die petrolprys op 7 November met 8 sent per liter **DAAL** en die dieselprys met 9 sent per liter **STYG**.

Die verwagte styging in die dieselprys is grootliks as gevolg van die rand wat in September teen 'n gemiddeld van R8,272 teenoor die dollar verhandel het, maar wat die afgelope maand verswak het en teen 'n gemiddeld van R8,681 teenoor die dollar beweeg. Hierdie verswakking van die rand bring ook mee dat 'n groter daling in die petrolprys gedemp word.

Terug na bo

## Produsente moet vereistes van dieselkorting slaafs navolg

*Corné Louw (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Sedert die begin van die jaar het Graan SA en Agri SA ervaar dat baie van ons lede deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) geoudit is en wanneer hul nie kon bewys lewer van hul logboeke nie, het SAID twee jaar se dieselkortingeise vanaf die produsente terug geëis. Graan SA en Agri SA is tans op die hoogste vlak besig om hierdie saak met SAID te beredder.

'n Vereiste van die dieselkortingsisteem (en waarop SAID nou streng oplet) is dat produsente moet logboek hou van hoe die diesel aangewend word. Hierdie is bietjie anders as wat meeste van ons produsente aan gewoond was, aangesien meeste van ons op aankoopfakture geëis het in plaas van op verbruik soos wat die wet dit vereis. Tipiese inligting wat in die logboek vervat moet word, is die datum, die hoeveelheid liter wat in die voertuig ingegooi word, 'n duidelike beskrywing of identifikasie van die voertuig en die doel waarvoor die voertuig aangewend gaan word.

Graan SA wil weereens 'n beroep op alle landbouprodusente doen om die vereistes om 'n dieselkorting terug te eis, slaafs na te volg en ten alle tye die sisteem te beskerm teen onwettige bedrywighede.

Die ouditeursfirma PricewaterhouseCoopers het ook die volgende skrywe aan hul kliënte uitgestuur:
http://www.grainsanews.co.za/AF/Week_44/fuel.html

Die dieselkorting waarvoor landbouprodusente tans kwalifiseer is 158 sent per liter. Hiervan kan 'n produsent 80% terugeis van die liters wat kwalifiseer vir die dieselkorting.

Terug na bo

## Hoe vorder die koringtarief?

*Wessel Lemmer (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Rolspelers in die koringbedryf wat Graan SA se koringtarief ondersteun of dit teëstaan, kry volgende week die geleentheid om die Kommissie vir Internasionale Handelsadministrasie van Suid-Afrika (ITAC) in dié verband te woord te staan.

Die ITAC-verslag sal gefinaliseer word nadat die kommentaar wat teen 2 November ontvang is, ook in aanmerking geneem is. Die ITAC Kommissie sal na verwagting in Desember, indien daar nie ander vertragings is nie, 'n besluit neem en 'n aanbeveling in dié verband aan die minister van Handel en Nywerheid stuur. Ná 'n verdere ondersoek deur die Departement van Handel en Nywerheid, sal die minister 'n finale besluit oor 'n moontlike koringtarief neem en die besluit aan die adjunkminister van Finansies voorlê.

Die adjunkminister van Finansies gee dan opdrag aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) om die besluit rakende die koringtarief te implementeer. Indien alles goed verloop en die koringtariefaansoek goedgekeur word, behoort die proses teen die einde van Februarie 2013 afgehandel te wees.

Terug na bo

## LNR-IGG Grondboonproduksiekalender vrygestel

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Die LNR-IGG het pas hulle Grondboonproduksiekalender vrygestel en 'n kopie hiervan kan by die volgende skakel afgelaai word:

http://www.grainsa.co.za/documents/Groundnut%20Calender%202012%20A5.pdf

Terug na bo

## Landboutoestande vir somergrane soos op 31 Oktober 2012

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» **KwaZulu-Natal**

Toestande lyk baie goed in KwaZulu-Natal en daar is voldoende ondergrondse vog. Produsente is ongeveer 70% klaar met hul mielie-aanplantings en 40% klaar met hul sojaboonaanplantings. Die plantproses word in sekere areas vertraag aangesien dit te nat is. Haelstorms het in sommige areas voorgekom, maar daar is nie ernstige skade aangerig nie.

**Mpumalanga**

Produsente het so 80% - 90% klaar mielies geplant, terwyl daar tot op datum minder sojabone aangeplant is. Die toestande in Mpumalanga lyk baie goed en goeie opvolgreën het reeds voorgekom op die gewasse wat al klaar aangeplant is. Mielies wat al op is, lyk baie goed. Hael het Dinsdagaand in sekere areas voorgekom, maar die impak daarvan is onbekend.

**Vrystaat**

*Oos-Vrystaat*

Produsente het so 45% - 50% van hulle mielies klaar aangeplant. Toestande lyk tans baie gunstig en ondergrondse vog is goed. In die Frankfort-/Villiers-/Reitz-/Kestell-omgewing is daar areas waar lande te nat is en die plantproses vertraag is. As gevolg van die huidige beter vogtoestande het die seisoen se aanplantings vinniger 'n aanvang geneem as verlede seisoen. Hael het streep-streep op koring, sojabone en sonneblom voorgekom.

*Noord-Wes Vrystaat*

Wydverspreide reën het die afgelope week in die grootste gedeeltes van die Noord-Wes Vrystaat voorgekom en produsente kan hul grondvoorbereidings voltooi. Die kol-kol reën wat in die Hoopstad-/Wesselsbron-/Bothaville-/Viljoenskroon-omgewing voorgekom het, is noodsaaklik vir produsente wat sonneblom wil aanplant.

Die verspreide reënbuie wat in die Bultfontein-/Hertzogville-/Theunissen-omgewing voorgekom het, stel produsente in staat om hul primêre bewerkings te voltooi alhoewel dit nie voldoende is nie. Produsente begin middel-November met hulle somergraanaanplantings en opvolgreën word in hierdie omgewing genoodsaak aangesien die grootste gedeelte se ondergrondvogsituasie nie te goed is nie.

**Noord-Wes Provinsie**

*NWK-bedieningsgebied*

Daar is nog geen somergewasse, behalwe vir dit wat onder besproeiing is, tot op datum aangeplant nie. Reën het kol-kol

voorgekom, maar goeie, deurdringende, verspreide reën word benodig sodat primêre bewerkings gedoen kan word. As gevolg van onvoldoende ondergrondse vog is bogemiddelde reën nodig vir gemiddelde opbrengste. Produsente begin middel-November met hulle mielie-aanplantings; daar is dus nog tyd.

*Suidelike dele van die Noord-Wes Provinsie*

Toestande is tans droog in die suidelike dele van die Noord-Wes Provinsie. Produsente begin einde-November se kant met hulle mielie-aanplantings, maar goeie deurdringende reën is noodsaaklik aangesien die seisoen met swak ondergrondse vog begin. Produsente het hier en daar begin om sonneblom aan te plant.

Terug na bo

## Vraag en aanbodprojeksies vir die nuwe bemarkingsjaar 2013/2014

*Wessel Lemmer (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Die voorneme om somergewasse aan te plant het op 25 Oktober verskyn. Gebaseer op hierdie inligting is scenario's ontwikkel en beskikbaar gestel op Graan SA se webtuiste. Hier volg 'n opsomming van hierdie scenario's:

**Witmielies:** Met 'n oordragvoorraad van 906 000 ton en die voorneme om 1,6 miljoen hektaar witmielies aan te plant, behoort Suid-Afrika teen 'n opbrengs van 4,33 ton/ha 'n uitvoerbare surplus van 1 832 000 ton op 30 April 2014 te lewer. Die moontlikheid van verdere uitvoere tot en met 30 April 2013, om die verwagte oordragvoorraad van 906 000 ton kleiner te maak, is nie uitgesluit nie.

**Geelmielies:** Met 'n oordragvoorraad van 461 000 ton en die voorneme om 1,135 miljoen hektaar geelmielies aan te plant, behoort Suid-Afrika teen 'n opbrengs van 4,92 ton/ha 'n uitvoerbare surplus van 994 000 ton op 30 April 2014 te lewer. Die moontlikheid van verdere uitvoere tot 30 April 2013 om die verwagte oordragvoorraad van 461 000 ton kleiner te maak, is nie uitgesluit nie.

**Totaal mielies:** Met die oordragvoorraad van 1 368 000 ton en die voorneme om 2,735 miljoen hektaar mielies aan te plant, behoort Suid-Afrika teen 'n opbrengs van 4,58 ton/ha 'n uitvoerbare surplus van 2 888 000 ton op 30 April 2014 op te lewer. Bykomende uitvoere tot 30 April 2013 kan die oordragvoorraad van 1 368 000 ton verlaag. Sommige handelaars is van mening dat produksie in die huidige bemarkingsjaar tot 300 000 ton meer kan wees as die finale oesskatting. Die voorraadsituasie plaas mieliepryse onder druk.

**Sorghum:** Met die oordragvoorraad van 56 700 ton en die voorneme om 65 000 hektaar sorghum aan te plant, behoort Suid-Afrika, teen 'n opbrengs van 2,7 ton/ha steeds ongeveer 30 000 ton te moet invoer om teen 31 Maart 2014 'n surplus bo die pyplyn van 11 500 ton te realiseer. Die voorraadsituasie ondersteun sorghumpryse.

**Sonneblom:** Met die oordragvoorraad van 104 000 ton en die voorneme om 525 000 hektaar sonneblom aan te plant, behoort Suid-Afrika teen 'n opbrengs van 1,3 ton/ha en met verwagte invoere van 28 000 ton teen 31 Desember 2013 steeds 'n tekort bo die pyplyn van 75 000 ton te realiseer. Die tekort bo die pyplyn teen Desember 2013 kan 62 000 ton beloop. Die voorraadsituasie ondersteun sonneblompryse.

**Sojabone:** Met die oordragvoorraad van 199 000 ton en die voorneme om 504 000 hektaar sojabone aan te plant, behoort Suid-Afrika teen 'n opbrengs van 1,75 ton/ha en met verwagte uitvoere van 160 000 ton teen 31 Desember 2013 'n surplus bo die pyplyn van 52 000 ton te realiseer. Die opname van sojabone deur nuwe perskapasiteit in 2013 is 'n moontlikheid en kan die surplus bo die pyplyn beïnvloed. Die voorraadsituasie plaas sojaboonpryse onderdruk.

**Grondbone:** Met die oordragvoorraad van 20 000 ton en die voorneme om 43 000 hektaar grondbone aan te plant, behoort Suid-Afrika teen 'n opbrengs van 1,50 ton/ha en met verwagte uitvoere van 17 000 ton teen 31 Desember 2013 'n surplus bo die pyplyn van 5 000 ton te realiseer. Die voorraadsituasie ondersteun grondboonpryse.

Terug na bo

## Wêreld Sojaboon Navorsingskonferensie vind volgende jaar hier plaas

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Dit is met trots dat Suid-Afrika die volgende Wêreld Sojaboonnavorsingskonferensie (WSRC) in 2013 aanbied vanaf 17 tot 22 Februarie. Hierdie geleentheid bied 'n globale forum vir die wêreld se sojaboonnavorsers om inligting en navorsingsbevindinge vanuit alle segmente van die sojaboonbedryf uit te ruil.

Konferensiegangers van regoor die wêreld gaan by die Durban International Convention Centre vir die geleentheid bymekaarkom. Hulle gaan toegespreek word deur produsente, navorsers en bedryfsleiers in 'n volledige verkenningstog van die hele sojaboonwaardeketting vanaf die groei en prosessering van sojabone tot die vervoer, gebruik en bemarking van sojaprodukte.

**Hoofsprekers**

Dit is met groot opgewondenheid wat die bevestigde twee hoofsprekers, Thomas Mielke en Kip Cullers, aangekondig word.

Mielke, uitvoerende direkteur van Oil World, sal een van die hoofsprekers tydens die openingsdag van die konferensie op 18 Februarie wees. Hy bestee meeste van sy tyd aan sojabone, sonneblomsaad en raapsaad.

Cullers sluit op 21 Februarie (op Agronomie dag) by die konferensie aan. Cullers is 'n hoogs suksesvolle produsent en boer in Purdy, Missouri, in die VSA. Sy aandag aan detail en sy proaktiewe bestuurstyl het hom gehelp om hoë opbrengste te behaal en rekords op te stel.

Besoek gerus die webtuiste by http://www.wsrc2013.co.za/ vir meer inligting oor die komende konferensie.

Terug na bo

GRAAN SA • GRAIN SA
Posbus 74087 • PO Box 74087
Lynnwood Ridge 0040,
Suid-Afrika • South Africa
☎ +27 (012) 807-6023 +27 (012) 807-3166
www.grainsa.co.za

Subskripsie-navrae/Subscription enquiries: rialeen@grainsa.co.za

GRAIN SA
GRAAN SA